BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim® moedig liggaamsbewussyn, nuuskierigheid en beweging aan

Sonja Basson

Baba Milay het op 6 weke begin met BabaGim. Haar mamma, Melissa, was baie opgewonde oor die klassies, sy is ‘n Graad R juffrou en het tydens haar swangerskap van Dr Melodie de Jager, die stigter van BabaGim, se boeke begin lees. In klastyd het die boeke se teorie vir haar prakties geraak en dit was vir my wonderlik om te sien hoe sy haar eie baba kon waarneem en kon sien hoe sy ontvou en ontwikkel.

Milay het gehuil met week 1 se massering. Mamma kon nie die volledige massering met haar voltooi nie, sy was by tye baie onsteld maar dan het Mamma haar ritmies op die borsbeen getik en het Milay baie gou rustig geraak. By ons eerste BabaGim klassie was Milay maar nog baie klein en jy kon sien sy was nog nie van haar arms, hande, bene of voete bewus nie, maar Mamma Melissa was gereed om die daaglikse massering tuis te gaan beproef.

Ek kon in week 2 sien dat mamma tuis gaan masseer het, fisiese aanraking was glad nie meer vir Milay ‘n bedreiging nie en sy was alreeds baie meer bewus van haar omgewing. Tydens die bal- en wiegoefeninge kon sy haar koppie mooi draai maar magietyd het steeds baie kreune en steune ontlok. Op die geleentheid het ek weer die mammas aan die volstruisstorie herhinder: ‘in stoei en spartel, lê onafhanklikheid’.

Teen week 4 het Milay al baie mooi gevorder en kon ons sien sy is al baie meer van haar lyfie bewus. Haar ogies kon al baie beter fokus en sy was ook meer nuuskierig om haar omgewing te bekyk. Sy was natuurlik ook mal oor haar BabaGim handskoen! Bewussyn van haar handjies was al beter en sy sou binnekort begin uitreik om die handskoen met haar handjie vas te vat.

Dr Melodie de Jager vertel: *“Ek dink terug aan die volstruisboer met sy eerste broeisel volstruisies. Vir dae lank het die boer geluister hoe die volstruisies van die binnekant af teen die dop pik. Hy het hul jammer gekry en besluit om te help. Hy het met ‘n teelepel van sy kant af getik om die dop te versag sodat hul vinniger kon uitbroei. Toe hul uiteindelik deur die dop breek, was hul almal se nekkies verbasenlik pap. Hy het ‘n paar dae hoopvol gewag dat hul nekkies versterk, maar te vergeefs. ‘n Ervare volstruisboer se antwoord op die raaisel was dat die “hulp” van die boer hul pap nekkies veroorsaak het. Volstruisies kan net met onafhanklikheid, trots en sterknekkies die wêreld betree as hul gestoei het om deur die dop te breek.”*

Al het Milay steeds nog lekker deur die klas gekreun en steun was daar teen week 5 van BabaGim al baie suksesse te danke aan die daaglikse magietyd en herhaling van die BabaGim-oefeninge tuis. Sy was lekker wakker en bewus van haar lyfie en haar omgewing. Tot Mamma se verbasing het klein Milay (op 10 weke ouderdom) tydens ons laaste BabaGim klassie omgerol, Pappa was by en was vreeslik trots op hulle klein prinsessie! Die rol-mylpaal en sy belang het nuwe betekenis vir Mamma en Pappa gekry. Hulle het 'n paar dae later vir my ‘n video gestuur van klein Milay wat gemaklik omrol en dit geniet.